| | |
|---|---|
| Verslagwaardig | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Regters | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Landdroste | Ja / Nee |

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(NOORD-KAAPSE AFDELING)**

**CA & R no.**: 99/03
Datum gelewer:

LEONARD AIMAN APPELLANT

TEEN

DIE STAAT RESPONDENT

**CORAM: MAJIEDT R et OLIVIER R**

# KONSEPUITSPRAAK OP APPèL

**OLIVIER R:**

[1]

Die appellant het in die Streekhof terregestaan op ‘n aanklag dat hy sy saamleefmaat vermoor het. Hy is skuldig bevind en gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf. Hy kom nou teen hierdie vonnis in hoër

beroep. Die appellant het terselfdertyd aansoek gedoen om kondonasie vir die laat aantekening van sy appél. Die appellant het 'n aanvaarbare verduideliking verskaf vir sy versuim in hierdie verband en moet daar gevolglik nou nagegaan word of daar enige meriete in die voorgenome appél is.

[2]

Die misdaad is op 22 Februarie 1999 gepleeg. Die tersaaklike bepalings van die Strafregwysigingswet, no 105 van 1997, het op 1 Mei 1998 in werking getree en daarvolgens het die appellant, as 'n eerste oortreder aan die misdaad van moord, blootgestaan aan 'n minimumvonnis van 15 jaar gevangenisstraf, tensy die Streeklanddros sou kon bevind het dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan het wat 'n afwyking van hierdie voorgeskrewe minimumvonnis sou regverdig het.

[3]

Toe die Streeklanddros die appellant gevonnis het, was die uitspraak in **S v Malgas** 2001(1) SASV 469 (HHA) nog lank nie gelewer nie. In daardie beslissing is beslis dat al die faktore wat normaalweg in ag geneem sou word by die oorweging van vonnis, ook maar in aanmerking geneem sou word by die ondersoek na sulke wesenlike en dwingende omstandighede.

[4]

Dit beteken dat die appellant se persoonlike omstandighede, wat die Streeklanddros self beskryf het as "*baie gunstig*", ook vir hierdie doeleindes in ag geneem moes gewees het. Die appellant het duidelik berou getoon en ook skuldig gepleit. Op 34-jarige ouderdom was hy 'n algehele eerste oortreder. Hy het nooit enige skoolopleiding hoegenaamd gehad nie, maar was nietemin op daardie stadium reeds die afgelope 9 jaar werksaam by dieselfde werkgewer. Die appellant was reeds vir 17 jaar met die oorledene in 'n saamleefverhouding, waaruit 'n dogter gebore is wat reeds 13 jaar oud was.

[5]
Die Streeklanddros het die feit dat die appellant sy saamleefmaat tot só 'n mate met 'n stuk tuinslang geslaan het dat sy veelvuldige kneuswonde opgedoen het en dood is as gevolg van 'n breinbloeding, in 'n ernstige lig beskou; en na my oordeel ook tereg. Dit is duidelik dat die appellant 'n langdurige en wrede aanval op die oorledene geloods het in sy woede. Dit is ook heeltemal reg dat 'n boodskap uitgestuur moet word dat dit nie geduld sal word dat mans op hierdie wyse met vrouens handel nie.

[6]
Aan die ander kant moet die feite van elke geval darem ook in gedagte gehou word. Hier was 'n sterk mate van provokasie. Die appellant het die oorledene met sy skamele inkomste gestuur om vir

die huishouding te gaan kos koop, en in stede daarvan het sy die geld gebruik vir drank en toe besope, en sonder kos, teruggekeer. Dat die appellant "*baie kwaad*" geword het, is, soos wat die Streeklanddros ook opgemerk het, heel verstaanbaar.

[7]

Dit moet ook nie uit gedagte verloor word nie dat die appellant nie die direkte opset gehad het om die oorledene te dood nie. Inteendeel, 'n mens sou normaalweg 'n gevolgtrekking van nalatigheid, en dus strafbare mansslag, uit hierdie tipe feite gemaak het, maar die appellant was eerlik genoeg om te erken dat hy wel tydens die aanranding besef het dat hy die oorledene kon dood.

[8]

Ek is van oordeel dat, alles inaggenome, hier beslis wesenlike en dwingende omstandighede bestaan het wat 'n afwyking regverdig het van die minimum voorgeskrewe vonnis van 15 jaar gevangenisstraf. Die Streeklanddros het nooit verwys na die toets van "*wesenlike en dwingende omstandighede*" nie en het nooit in soveel woorde in hierdie verband 'n ondersoek gedoen nie; miskien ook nie verbasend nie, in die lig van die onsekerheid en botsende regspraak wat daar nog op daardie stadium oor hierdie begrip bestaan het.

[9]

Na my mening is die vonnis wat ek in hierdie geval sou oorweeg het sodanig buite verhouding tot die opgelegde vonnis, selfs al word in gedagte gehou dat die wetgewer normaalweg die voorgeskrewe vonnis opgelê sou wou hê, dat daar noodwendig wesenlike en dwingende omstandighede bestaan het en dat gevolglik met die vonnis ingemeng behoort te word.

[10]

In die omstandighede word die volgende bevele gemaak:

1. Die appellant se laat aantekening van appél hierin word gekondoneer.

2. Die vonnis word tersyde gestel en vervang met een van 8 jaar gevangenisstraf.

3. Die vonnis van 8 jaar gevangenisstraf word teruggedateer ingevolge die bepalings van artikel 282 van die Strafproseswet, no 51 van 1977, tot 22 Julie 1999.

______________

**C J OLIVIER**

**REGTER**

Ek stem saam:

______________

**S A MAJIEDT**

**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| Namens Appellant | : | In Persoon |
| Namens Respondent | : | |
| Datum van verhoor | : | 16 September 2004 |
| Datum van uitspraak | : | 16 September 2004 |